Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

NUUSBRIEF 4

30 Januarie 2017

Geagte Ouers

SKOOL VERJAARSDAG
Laerskool Villieria, een van die oudste skole in die stad, word hierdie jaar ‘n skrikwekkende 114 jaar oud. Om die huidige leerders bewus te maak dat hulle deel vorm van hierdie geskiedkundige skool, sal ons op Vrydag, 3 Februarie 2017 om 07:30 tot 08:30 ‘n kort program, met behulp van ons skoolleiers, oorbaan aanbied. Elke leerder sal sy tradisionele gratis roomys gedurende tweede pouse ontvang.
Met dank teenoor ons Hemelse Vader vir ongelooflike seën en voorspoed vir so ‘n besondere lang periode. Mag ons steeds weet waar ons krag en genade vandaan kom.

ATLETIEK
Atletiekbyeenkoms op Dinsdag, 31 Januarie 2017 by Laerskool Villieria. Alle atlete wat deelneem het reeds ‘n brief saam met die program ontvang.

Eerskomende Maandag, 6 Februarie 2017 vind die jaarlikse Clusterbyeenkoms plaas by Hoërskool Oos-Moot. Alle atlete wat deelneem sal ‘n brief ontvang met die program. Alle atlete wat van die skool se vervoer gebruik maak moet asseblief die nodige skeurbriefie terugbring skool toe.

REVUE
Beide ons Revuegroepe begin die week tenvolle met hul oefeninge. Die leerders wat velditems op Maandae en Woensdae oefen moet dus steeds eers hul item gaan oefen en kan dan daarna by die Revuegroep aansluit.

RUGBY
Ons vra dat alle spelers wat nog nie hulle registrasiebriewe ingehandig het nie, dit voor of op Vrydag, 3 Februarie 2017 by Mnr Malan sal inhandig.

Rugbyoefening begin op 2 Februarie 2017.
Oefentye gedurende die rugbyseisoen is as volg:

DAG	SPAN	TYE
Maandag	O/9 & O/10	15:00 – 16:00
	O/11 & O/13	16:00 – 17:00
Dinsdag	O/9 & O/10	14:00 – 15:30
	O/11 & O/13	15:00 – 17:00
Donderdag	O/9 & O/10	14:00 – 15:30
	O/11 & O/13	15:00 – 17:00

FOTO'S

Geen foto's sal op Donderdag, 2 Februarie 2017 geneem word nie. Die datum is verskuif na Dinsdag, 7 Februarie 2017.

GRAAD 1 FOTO'S

Die fotogeld van die Graad 1 leerders moet asseblief nie later as Vrydag,**17 Februarie 2017** by die klasonderwyser inbetaal word nie. Die fotograwe kom dan die bestellings afhaal. Maak seker dat u die korrekte bedrag in die koevert plaas aangesien die koeverte verseël na die fotograwe gaan.

BULLETJIERUGBY

Graag nooi ons u uit na die Bulletjieinligtingsvergadering wat op Woensdag, 1 Februarie 2017 om 19:00 in die skoolsaal gehou word. Parkering: ingang **29ste Laan** se motorhek.

Bulletjierugbyspelers ouderdomme:
O/6 - Wanneer die speler vanjaar 6 jaar oud word.
O/7 - Wanneer die speler vanjaar 7 jaar oud word.
O/8 - Wanneer die speler vanjaar 8 jaar oud word.

Afrigtingskursus:
Kursus vind plaas op Maandag, 13 Februarie 2017 by Laerskool Queenswood om 18:00.

Oefentye:
Maandae en Woensdae vanaf 17:00 tot 18:00 op Laerskool Villieria se rugbyveld.

Meer inligting sal tydens die inligtingsvergadering deurgegee word. Ons hoop om al die ouers en afrigters by die vergadering op 1 Februarie 2017 te sien.

KERKHEKKIE

Die veelbesproke kerkhekkie is weereens onder bespreking. 'n Beroep word weereens op alle kerkhekkiegebruikers gedoen om weereens te let op die veiligheid van al ons leerders. Ouers word weereens herinner dat die toegang tot die kerkterrein ook dien as toegang tot die kleuterskool. Klagtes van die kleuterskool en terreinbestuurder van die kerk, oom Robert, wys weereens daarop dat die sluiting van die toegangshek nou sterk oorweeg word. 'n Dringende beroep word weereens op alle gebruikers gedoen om die beginsel van respek en konsiderasie toe te pas ten opsigte van die veiligheid van al ons leerders.

SWARTSAKKE

Ons suksesvolle en immers gewilde fondsinsamelingsprojek is gereed om af te skop. Gedurende 2014, 2015 en 2016 is sakke teen dieselfde prys aan kopers gebied en die skoolwinsgrens is telkens aangepas. Dit is egter onvermydelik dat ‘n prysverhoging nou moet plaasvind. Die swartsakkepakkette sal in 2017 beskikbaar wees teen R40 per pakket. Dit bly steeds ‘n winskopie sou u dit met pryse in die kleinhandel vergelyk.

Vorms word op Woensdag, 1 Februarie 2017 aan die leerders uitgedeel.

ENTREPRENEURS

Die Seniorleerders kry weer op Woensdag, 1 Februarie 2017, gedurende tweede pouse kans om hul verkoopsvernuf te beproef. Geen moontlike gevaarlike speletjies soos speelgoed met rekkies of skietaksies ens. word toegelaat nie en ook geen kougomprodukte nie.

GESLAGSVOORLIGTINGSPROGRAM

Bogenoemde vind plaas op Donderdag, 2 Februarie en Vrydag, 3 Februarie 2017 gedurende skooltyd. Die program word apart vir die seuns en dogters aangebied. Me Kotze doen die aanbieding vir die dogters en Mnr Haasbroek vir die seuns.

Villiesgroete

D P HAASBROEK
HOOF